Botteltjie groen

Ou swerwer wat die langpad ken
Wat die drumpel nooit kon vind nie
Jou kroon geklee met nuwemaan
Met geen winter op jou ken nie

Mag ek vra dat op jou reise langs
Jy kan tyd maak vir ‘n botteltjie groen
Al met ou Sishen se spore langs
Om by my stasie aan te doen

Want menig male sonder tal
Het hierdie winter my kom haal
Die spierwit van ‘n spiritusperd
Jaag al my kallers uit die kraal

Hy is nie die man op die witteperd
Die gom om die krake te heel
Sy soetstem streel net nou net gou
Eens more staan sake skeel

Mag my soebatsfontein jou kompas merk
Hot en haar tog hier kom rus
Die lafenis van die botteltjie groen
My nadors hier kom sus

Want jou spore lê tog wêreldwyd
Swellendam, Moskou en Parys
My stoeltjie stoot die sandgrond in
En die riempiemerke wys

Vertel my dan ou langpad vrind
Waar het jy jou rus gaan soek
En kon jy daeraad iewers vind
Of volg jy ook maar ‘n Boek

Jou spore plant die wêreld rond
En myne om die pot
Jou hande sag maar woorde sterk
Ek saag planke vir kis of kot

Haal uit ou maat die botteltjie groen
Wat my wonde se wonde verdoof
Dan sluk ons saam-saam stadig weg
Al die krankheid van my hoof

Ou swerwer wat die langpad ken
Wat die drumpel nooit kon vind nie
Jou kroon geklee met nuwemaan
Met geen winter op jou ken nie